

## Gereformeerde Kerk Bellville – 16 Desember 2018 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 32:4, 5 (p. 152)

- 4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / 'n skut en skerm in alle angs en leed is,  
in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring.  
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,  
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.
- 5 Wil soos 'n perd nie wees wat opwaarts steier; / Of soos 'n muil wat ons sy dienswerk weier,  
wat mensehand moet dwing met toom en tuig / tot hy sy krag in diensbetoon moet buig.  
Die goddelose man het baie smarte; maar wie op God vertrou van ganser harte,  
hom sal gewis, ook onder kruis en druk, / die guns van God 'n krans vleg van geluk.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE  
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe  
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit  
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

**Loflied:** Psalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.  
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,  
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.  
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,  
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk  
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,  
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning  
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.  
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

**Gebed**

**Psalm 25:2, 5 (p. 115)**

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan; / maak my hart daartoe geneë,  
om met lus daarop te gaan. / Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 5 Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid, / en sy weg altyd getrou / vir wie wandel in sy waarheid  
en op sy beloftes bou. / Wil my dan, u Naam ter eer, / al my sondeskuld vergewe;  
want ek het teen U, o HEER, / swaar en menigmaal misdrewe!

**Skriflesing:** Matteus 7:1-6; Romeine 14:1-12

**Kernverse:** Matteus 7:5

**Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om  
die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal. (Matteus 7:5 AFR53)**

**Tema:** Hoe mag ek iemand anders reghelp?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, onder mense het hierdie woorde van ons Here  
Jesus al 'n spreuk geword: Moenie 'n ander oordeel nie sodat jy nie geoordeel word nie. Of  
hoe maklik sê 'n mens vir iemand anders: Haal eers die balk uit jou eie oog voordat jy die  
splinter uit my oog wil haal.

Agter elkeen van hierdie maniere van praat lê daar, soos wat ek dit verstaan, twee gedagtes. Wanneer daar gesê word: Moenie 'n ander oordeel nie sodat jy nie geoordeel word nie, kan die waarheid wat Jesus vir ons hier leer, oorgedra word. Ons mag nie ander mense oordeel nie. Die ander gedagte wat agter hierdie woorde lê, hoor 'n mens dikwels wanneer iemand sê: Hoe kan ek met iemand anders oor sy sonde praat terwyl ekself 'n sondaar is.

En wanneer ons gou is om te sê: Haal eers die balk uit jou eie oog voordat jy die splinter uit my oog wil haal, maak ons asof iemand anders niks oor ons sondes te sê het nie. Hy moet maar na homself omsien, want jy gaan na jouself omsien. Om dit kortliks saam te vat: Ons misbruik die woorde van Jesus omdat ons baie maal nie kans sien om 'n ander een oor sy sonde te vermaan nie, of omdat ons nie kans sien dat iemand anders ons oor ons sondes vermaan nie.

As ons dan nie die Here se woorde mag verdraai sodat dit ons alleen pas nie, wat het Jesus bedoel toe Hy hierdie woorde gesê het? Uit die ses verse in Matteus 7 kom daar die volgende sake na vore:

- Twee maniere waarop ons nie met medegelowiges moet praat nie
- Hoe ons iemand moet reghelp
- Wie nie verder reggehelp moet word nie

**Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word.** (Matteus 7:1-2a AFR53)

Jesus is steeds besig met die grondwet van God se koninkryk. Wie volhard om te lewe soos wat Jesus ons hier leer, kan seker wees dat die seggenskap van die Here al begin het om in hulle lewens pos te vat. Jesus praat hier met mense wat Hom volg. Daarom kan ons seker wees dat Jesus nie hier bedoel dat daar nie aardse regters en aardse howe mag wees nie. God het immers regters en howe en owerhede aangestel om die vloedgolf van die sonde nog te stuit.

Met hierdie woorde kan ons ook nie sê dat Jesus ons verbied om nog enigsins krities te wees nie. Ons kan nie op grond van hierdie woorde maar maak asof ons nie die verkeerde dinge in die lewe raaksien nie. Ons mag ook nie op grond van hierdie woorde nie meer tussen waarheid en leuen, en tussen goed en sleg onderskei nie. As ons maak asof ons nie die verkeerde dinge raaksien nie en nie meer onderskei tussen goed en kwaad nie, sal ons oneerlik wees en ook nie die beeld van God weerspieël nie.

Ons kan dus seker wees dat die Here nie howe en regters of 'n kritiese onderskeid met hierdie woorde verbied nie. Maar wat beteken die woorde, moenie oordeel nie, dan? In een woord gesê: vitterigheid. Gelowiges moet steeds onderskei tussen goed en kwaad, maar hulle mag nie regter speel oor ander en foutvinderig wees nie.

Wanneer 'n mens vitterig is, altyd op soek na foute by ander mense, het jy 'n onplesierige mens geword. 'n Foutvinder is nie daarop uit om iemand reg te help nie, maar om hom hard te veroordeel. 'n Foutvinder is negatief en sy optrede teenoor ander mense is afbrekend. So 'n mens geniet dit om ander mense se foute uit te wys en hulle daarvoor te veroordeel. Hy het nooit iets goeds oor ander te sê nie en volgens hom kan jy net die slegste van 'n ander een verwag. En as iemand anders 'n fout maak, buit die foutvinder daardie fout uit. Hy karring heelyd daarvoor, want hy wil die ander een afkraak en verneder.

Maar wat nog erger is, broers, susters en kinders, is dat 'n vitterige mens nie net foute uitsnuffel nie, maar homself ook as regter aanstel oor die een wat 'n fout begaan het. So 'n mens eis vir homself die gesag en bevoegdheid op om 'n ander mens te oordeel. Wanneer ons so maak, plaas ons onself en ons medegelowiges in die verkeerde rolle. Ons staan immers almal in diens van die Here Jesus. Hy is ons Eienaar, want Hy het ons met sy kos-bare bloed vir sy Vader gekoop. Aan al die gelowiges het Jesus die Heilige Gees gegee as waarborg dat hulle aan Hom behoort. As alle gelowiges gelyk aan Jesus behoort en Hy hulle Eienaar is, waar kry ek en jy die reg vandaan om oor die eiendom van die Here 'n oordeel uit te spreek. Elke gelowige staan tog self voor die Here en Hy beoordeel elkeen self; ons hoef nie mekaar te oordeel nie.

Wanneer Jesus ons verbied om regter te speel oor ander mense, sê Hy vir ons dat ons nie God moet speel oor ander mense nie. Ons kan nie in ander mense se harte lees nie en ons kan ook nie sommer hulle motiewe bekijk nie. Dit is vir ons verborge en net ons hemelse Vader kan sien wat verborge is. Ons moenie regter wil wees oor ander mense nie, maar ons moet besef dat ons saam met alle ander mense geoordeel sal word deur Jesus wanneer Hy as Regter terugkom na hierdie wêreld.

Om dan die onderrig in hierdie eerste twee verse op te som: Ons moenie mense hard en koud en klinies beoordeel nie, want alles is nie net swart en wit nie. Maar daarmee bedoel Jesus nie dat ons moet ophou om mense te wees nie. Ons het immers 'n verstand ontvang, en deur die Heilige Gees gelei kan ons tussen reg en verkeerd onderskei en dit maak ons anders as diere. Ons moet egter daardie gewraakte ambisie om God te wil wees laat staan; ons moenie oor die eiendom van ons hemelse Eienaar oordeel nie.

Met die volgende uitspraak in verse 3 en 4 gebruik die Here Jesus 'n beeld wat komies is om te verduidelik hoe skynheilig 'n mens – ook 'n Christen – kan wees. In die eerste helfte van Matteus 6 het Jesus ons daarop gewys dat ons nie skynheilig teenoor God mag optree nie wanneer dit kom by ons barmhartigheid, gebede en vas nie. Met hierdie komiese beeld in vers 3 en 4 wys die Here ons daarop dat ons nie skynheilig teenoor ons naaste moet optree nie.

Jesus se woorde is nie vir ons skietgoed om te keer dat ander mense ons tereg moet wys nie. Die woorde van Jesus teken 'n prentjie voor ons oë waarvoor ons lag. Hier staan iemand met 'n splintertjie in sy oog wat sy oog irriteer. En voor hom staan iemand anders wat besig is om die splinter uit sy oog te haal terwyl daar 'n hele balk uit sy oog uitsteek. As die prentjie hier voor ons is, lag ons daarvoor. Maar nou teken Jesus nie net 'n prentjie nie – Hy praat met ons. Hy sê vir my en jou: Waarom sien jy die splinter in jou broer se oog, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?

Dit is mos hoe mense baie maal maak. Ons sien baie gou en baie duidelik die sonde in 'n ander mens se lewe raak, maar ons eie geweld en haat teenoor God en ons naaste sien ons nooit raak nie. Ons is van nature nie net foutvinderig nie. Van nature oordryf ons ander mense se sondes terwyl ons ons eie sondes so verklein asof ons niks verkeerdsgedoen het nie. Wanneer ons onself met ander mense vergelyk, sien ons net die mooi en goeie in ons eie lewens raak en net die slegte en nare dinge in ander mense se lewens raak. En dan put ons nog genot daaruit om onself te regverdig deur vinnig die ander mens op sy sonde te wys asof ons eie sondes nie bestaan nie.

Ons is mense met 'n verstand, daarom kan ons tussen reg en verkeerd onderskei, maar ons is nie God nie, daarom mag ons iemand anders nie oordeel nie. Ons is mense, maar ons is nie sondelose mense nie, daarom mag ons nie maak asof ons geen sonde het

wanneer ons iemand wil reghelp nie. Ons kan nie 'n delikate operasie op iemand anders se oog uitvoer as ons self nie behoorlik kan sien nie. Ons kan nie maak asof ons geen sonde het nie terwyl net ander mense sondaars is nie.

Om ons die regte manier van vermaning te leer, vervolg Jesus baie skerp. Hy sê:

**Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal.** (Matteus 7:5 AFR53)

Jesus sê nie dat gelowiges mekaar glad nie moet vermaan nie. As ons nie vitterig of skynheilig mag wees nie, word ons nie vrygestel van ons Christelike plig teenoor ander mense nie. Jesus leer ons immers 'n bietjie later in Matteus 18 hoe ons met iemand moet maak wat sonde gedoen het. Ons moet met die sondaar oor sy sonde gaan praat. Dieselfde verpligting word hier onder woorde gebring. Ons moet mekaar tereg wys, maar wanneer mag ons dit doen?

Eers wanneer ek die balk uit my eie oog gehaal het, kan ek dit waag om die splinter uit my broer se oog te haal. Eers wanneer ek myself beoordeel het, nie teenoor ander mense nie, maar in die lig van wat die Here van ons verwag. Ek moet self krities na my eie lewe kyk en dit toets aan die Woord van die Here. Die gelowige wat eerlik na sy eie lewe kyk, sal deur die Heilige Gees gelei word om raak te sien wat verkeerd in sy lewe is. Maar daar los die Heilige Gees ons ook nie. Met dieselfde Woord waarmee Hy vir ons die vrot kol in ons lewe laat raaksien het, lei Hy ons ook na die Een wat ons van die vrot kol genees – na Jesus Christus toe.

Wanneer ons die sonde in ons eie lewe ontdek het en dit voor God bely het, mag ons in die Naam van Jesus Christus om vergifnis smee. Wie so krities na sy eie lewe gekyk het en opreg en berouvol sy sondes bely het, kan seker wees dat God hom vergewe ter wille van Jesus Christus.

Nou eers, wanneer 'n mens self die genade van die Here ondervind het oor jou eie sonde, kan jy met 'n gesindheid van sagmoedigheid en liefde jou broer gaan reghelp oor sy sonde. Nou sal jy dit nie meer doen soos 'n regter wat verdoem nie, ook nie soos 'n huigelaar wat maak asof jy geen sonde het nie. Nee, jy sal dit doen soos iemand wat weet dat daar vir jou broer ook vergifnis by die Here te vinde is. Dan doen jy dit omdat jy jou broer wil behou en nie om hom in die ewige verderf in te verwens nie.

Mag die Heilige Gees ons lei om mekaar in liefde te vermaan omdat ons die genade van die Here ken en weet hoe groot dit is. Om ons te bemoedig en ook te waarsku sluit Jesus met die woorde in vers 6 af:

**Moenie wat heilig is, aan die honde gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie.** (Matteus 7:6 AFR53)

Ons weet uit die Bybel uit dat honde en varke in die oë van die Jode onrein diere was. Nou noem Jesus dat daar mense is wat soos honde en varke is. Jode het ongelowige heidene honde genoem. Wie is hierdie mense wat so is en waarna verwys die heilige goed en pêrels?

Kom ons begin by die makliker deel. Heilig verwys tog na iets wat aan die Here behoort. Pêrels verwys, na aanleiding van die gelykenisse oor die koninkryk van God in Matteus 13, na die Woord van die Here en sy seggenskap oor 'n mens se lewe. Dus is heilige goed en pêrels die Woord van die Here.

As ons dit nou gesê het, beteken dit dat ons nie die Woord van die Here aan heidene moet verkondig nie. Nee, dit kan tog nie die betekenis van hierdie woorde wees nie. Die Here maak tog al van die Ou Testament af duidelik dat ons sy Woord en Naam aan alle mense moet verkondig. Matteus sluit dan af met die Here Jesus se groot opdrag om na die nasies toe te gaan en hulle dissipels van Hom te maak.

Die mense wat soos honde en varke is, is dus nie maar net gewone ongelowiges nie. Dit is nie mense wat nog nie tot geloof gekom het nie. Om agter te kom wie hierdie mense is, laat ons ons deur die Heilige Gees lei om elders uit die Woord 'n antwoord te kry. Petrus skryf in sy tweede brief oor die valse leraars en hulle dwaalleer. En dan sluit hy die tweede hoofstuk af met hierdie woorde:

**Mense wat van die besmetting van die wêreld vryekom het deurdat hulle ons Here en Verlosser, Jesus Christus, leer ken het, en wat weer daarin vasgevang en daardeur oorweldig word, is aan die einde slegter daaraan toe as aan die begin. Dit sou vir hulle beter gewees het as hulle die wil van God nie leer ken het nie as dat hulle dit wel leer ken het en daarna afgewyk het van die heilige gebod wat aan hulle oorgedra is. Van hulle is die spreekwoorde waar: “n Hond gaan terug na sy braaksel toe” en: “n Vark wat gewas is, gaan rol weer in die modder.”**  
(2 Petrus 2:20-22 AFR83)

Ons kan dus met reg aflei dat die mense wat soos honde en varke is, mense is wat die waarheid van ons Here Jesus leer ken het en hulle het genoegsame onderrig uit die Woord ontvang om van die waarheid oortuig te raak. Maar in plaas daarvan om hulle aan die Here te onderwerp, het hulle hulleself verhard en die Here en sy Woord verwerp.

As 'n mens so 'n mens in liefde en sagmoedigheid gaan vermaan omdat jy die grootheid van die Here se genade leer ken het, sal hulle omspring en jou verskeur of hulle sal wat jy vir hulle sê in die grond vertrap. Jesus bemoedig ons met sy woorde sodat ons nie oorweldig sal wees as so iets gebeur nie, maar sodat ons sal weet so iets kan gebeur.

Sy woorde is ook 'n vermaning aan ons. Wanneer ons gaan aanhou om met die heilige evangelie hierdie mense te nader, gaan ons hulle net uitnoui om hulle sonde teenoor die Here te vergroot deurdat hulle die Here en sy Woord verder sal belaster. Ons moenie die evangelie en die liefde van die Here goedkoop maak sodat dit vir hierdie soort mense iets is waarop hulle maar kan trap nie. Terselfdertyd is dit bitter moeilik om tot daardie stap oor te gaan en te sê dat 'n mens nou met mense opgee. Mag die Here ons die wysheid skenk sodat ons in elke situasie die besluit sal neem waarmee ons die Here die beste verheerlik.

Laat ons hierdie woorde van Jesus ter harte neem. Niemand van ons het die reg om iemand anders te oordeel nie – dit is die Here se eie werk. Ons mag ook nooit as te nimmer skynheilig wees en iemand probeer reghelp so asof ons geen sonde het nie. Nee, as ons iemand regtig reg wil help, moet ons toelaat dat die Heilige Gees ons met die Woord van die Here oopsny oor ons eie sonde sodat ons die belewenis van vergifnis in ons vermaning kan oordra. Maar onthou daar kan ook mense wees wat hulleself teenoor die Here sal verhard en hulle nooit aan sy Woord sal steur nie.

**Amen!**

Gebed

Slotpsalm 34:1, 6 (p. 166)

- 1 In weelde<sup>n</sup> en ongeluk, / altyd sal ek die HERE prys;  
altyd vir Hom my lof laat rys, / in voorspoed en in druk.  
Hom sal 'k die ere skenk, / tot roemtaal kragtig aangespoor.  
Sagmoediges, hul sal dit hoor / en aantree op my wenk.
  
- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.  
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?  
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;  
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
16 Desember 2018